# Die Bruilof Beplanner

Sy geoefende oë speel oor die bruilof. Vir die onopgeleides lyk dit na ‘n warboel van mense wat rondhardloop, so ‘n bietjie chaoties.  Maar vir hom is dit soos ‘n geordende opvoering. Elkeen het ‘n rol en tydsberekening is belangrik.

Aan die linkerkant onder die seil bedekking is die klipkanne met water en die erdekanne met die wyn. Die water en wyn behoort lekker koud te bly, beide vir die opwas en om later die water en wyn te vermeng. Ongelukkig is dit die goedkoop lokale wyn, die familie kon net twee erdekanne met duurder romeinse wyn voorsit.  Hulle het dit nie te breed nie, maar tog goeie mense. Dit is hoekom hy ingestem het om die hele spul te reël teen ‘n minimum fooi.

Voor hom is die vure se kole rooiwarm en die heel bok karkasse word pragtig bruin op die spit. Die manne sweet behoorlik in die woestyn hitte. Die vuur help ook nie juis nie. Hy knik tevrede, die braai voorman is al lank saam met hom. Ken sy storie.

“Hou die vleis mooi dop!” Herinner hy hulle luidkeels. Die voorman waai net vaag in sy rigting. Hy glimlag, tevrede dat hy hulle bietjie kan irriteer.

Aan die oorkant is die lang tafels en houtstompe vir sitplek klaar op hulle plek gepak.  Die tydelike afdakkies se seile wapper in die ligte wind. Op die tafels is die meisies besig om die laaste blomme uit te pak. “Opskud, opskud. Die gaste is op pad.” Hulle ignoreer hom soos gewoonlik. Dit is altyd ‘n laaste takie. As dit te vroeg gedoen word sal dit verwelk.

Orals skitter die geweefde matte op die woestyn grond. Soos blomme met helder rooi en blou kleure. Hy tel weer vinnig en maak ‘n paar somme in sy kop. “Bring nog vyf matte uit.” Sy stem bulder oor die vlakte. Eerder te veel as te min. ‘n Paar van die meisies skarrel om nog matte te gaan haal.

Die tafels naaste aan die dorp pryk kleurvol met die verwelkomende vrugte en waterkanne. Die tyd van die jaar is dit moeilik om ‘n groot verskeidenheid te bekom. Maar sy kontakte het mooi gehelp. Die lemoene, olywe, vye, pere en sampioene laat sy mond water. Die gaste sal welkom voel. Hy knik tevrede.

Hy haal diep asem. Alles lyk of dit in plek is en net wag vir die gaste. Uit die dorp hoor hy die ramshorings blaas. Die bruid en bruidegom is op pad. Tyd om besig te raak. Hy stap vinnig nader, sy kop draai heen en weer om alles raak te sien.

“Onthou die sout op die bokke.” Die braaiers knik gedwee. Hy stop en sny ‘n bruin stukkie af met sy mes en proe krities. “Hou aan olie opsmeer met die roosmaryn takkies.” Hy stap weg sonder om vir ‘n antwoord te wag.

“Lafras! Jaag daai bedelaars weg na agter toe.” Hy gooi sy hande dramaties in die lug. “Hoekom betaal ek julle lummels? Hou die ongenooide agies hier uit, ons sal later vir hulle iets gee.” Dit is nou wat jy kry as jy skoonfamilie ‘n werk gee. Lafras en sy twee handlangers verlaat die karige koelteboom se skadu en begin die armes soos ‘n boktrop aankeer.

By die tafels kyk hy fronsend na die uitleg. ”Bring nog ‘n paar ruikers. Knak die stingels dat die reuk uitkom. Vinnig! Wat staan julle my en aangaap...” Die meisies skarrel weg. Hulle weet hy is vinnig

om ‘n paar klappe uit te deel na die stadigste werkers. “En nog ‘n paar waterkanne! Die mense moet die stof kan afwas. Moet ek aan alles dink?”

Die ramshorings klink al naby. Net genoeg tyd om die wyn na te gaan. ‘n Taak wat hy terdeë geniet. Hy loop vinnig terug na die tent skuilings. Orals teen die een muur bult die wyn en water leersakke aan die hakke. Net reg om afgehaal te word. Hy tel dit vinnig. Die skinkers trap senuagtig rond. Hulle ken hom. Hy wys na een van die sakke in die middel. Die meisies gryp die sak en gooi vinnig vir hom ‘n glas in sy spesiale blink beker.

Hy rol die wyn rond in die beker. Kyk stip na die kleur. Die werkers kyk aandagtig na hom. Hulle weet hierdie is sy eerste liefde. “Die kleur lyk reg. Net genoeg water.” Dan teug hy daaraan en spoel dit rond in sy mond. “Ja, die Romeine ken hulle storie. Mens proe daardie olyf en lemoen geure...”

Hy neem nog ‘n sluk en sug nadenkend. “Miskien selfs aarbeie. Ja, definitief.” Agter sy rug rol die meisies hulle oë en kyk glimlaggend na mekaar. “Hulle grond op die noordelike hellings met die koel seelug doen wonderwerke.” Hy sluk die res van die glas weg met ‘n harde klap van sy lippe.

Hy hou sy leë glas uit. “Bring vir my van die Joodse wyn ook. ‘n Vol glas.” Een gryp die glas en skarrel weg. Hy neem die Joodse wyn en doen dieselfde ritueel. Hy sug. “Wel, ja dit is wyn. Hopelik kry die Romeinse wyn die mense gelukkig. Eers daarna sit ons die lokale goed voor.” Hy skud sy kop dramaties. “Geen diepte en struktuur in die wyn nie. Maar dit sal maar moet deug.”

Die bruilof optog verskyn om die geboue. Die bruid word omhoog gedra op ‘n draagbaar met wit satyn gordyne. Oulike meisie. Die ramshorings blaas hard. Die mense dans en sing vrolik.

Hy klap sy hande hard. “Begin die kos bring. Deel die Romeinse wyn uit. Op julle poste, mense!” Hy probeer ‘n paar klappe uitdeel na die meisies se boude, maar hulle is te vinnig vir hom.

***

Hy gaan sit moeg eenkant. Die vrolike lawaai van die trougaste vul die aandlug. Hy glimlag selftevrede. Dit is harde werk om die troues aan die gang te hou. Maar hy is trots op sy werk. Hy hou daarvan om mense te help.

“Jammer, meneer.” Die benoude stem verbreek sy gedagtegang. “Ek is jammer om te pla, maar ons het ‘n probleem.” Die meisie staan en rondtrippel soos ‘n donkie op warm sand.

“Wat is dit nou weer?” Hy sug. “Kan julle niks oplos nie? Spoeg dit uit.”

“Dis die wyn, meneer.”

“Wat van die wyn?”

“Die wyn is klaar, meneer.”

“Is dit al? Natuurlik is dit klaar. Daar was nie veel nie. Daai Romeinse wyntjie was uit die boonste rakke. Ek het geweet dit sal nie lank hou nie.” Hy skud sy kop. “Julle moet nou die goedkoop wyn uitdeel. Die mense se koppe raas al klaar, selfs dit sal nou goed afgaan.”

“Maar meneer.” Haar stem klim ‘n paar oktawe. “Dit is ook al klaar. Daar is nog net ‘n paar leersakke oor. Dit gaan binnekort alles klaar wees. Alles.”

Hy staar ongelowig na haar. “Is jy seker? Dit kan nie wees nie.” Vervlaks. Sy staan en trippel net rond. Net buite sy bereik. “Laat ek tog self gaan kyk.”

Hy loop haar omtrent uit die pad in sy haas. By die tente kyk hy alles vinnig deur. Verdomp. Hulle is reg. Die wyn is regtig omtrent gedaan. Die verleentheid vir die bruidegom sal erg wees. Die partytjie is nog in volle swang.

Hy loop in sirkels rond en probeer dink. Wat gaan hy nou doen? Sy reputasie is op die spel. Die bruidspaar moet die verleentheid gespaar word.

“Is iets verkeerd, meneer?” vra iemand sagkens agter hom.

Hy draai vinnig om, maar sluk sy woorde as hy sien dit is een van die gaste. Hy herken haar, sy is een van die familielede. ‘n Tante of iets van een of ander naburige en onbekende dorpie. “Nee Mevrou. Dis net. Die wyn dit is amper op. Ek probeer dink wat om te doen.”

“Die wyn...alles nou al reeds klaar?” Sy frons. “Dit is nie goed nie. Dit sal die hele bruilof ruïneer.”

“Ek weet, maar ek is uit planne.” Hy wys met sy hand moegerig na die erde potte water. “Daar is net die ses groot waterpotte oor. Die mense sal maar moet water drink.”

Hulle staan al twee woordeloos en staar na die waterpotte. Albei weet. Dit sal nie deug nie.

“Ek het ‘n plan. Ek sal my seun vra om te help.” Sy praat saggies. Tog met selfvertroue. “Hy sal ‘n plan kan maak. Hy kan enigiets doen.”

“Jou seun...is hy dan ‘n wynhandelaar?” vra hy. Maar sy is reeds besig om vinnig weg te loop in die donker nag. Tipies. Hierdie ou tantes meng orals in.

Hy draai om en kyk rond. Daar is die bruidegom. Die arme drommel lyk baie gelukkig. Met so ‘n mooi bruidjie kan niemand hom kwalik neem nie. Wel, nie meer vir te lank nie. Hy loop nader en wink die bruidegom nader. Die bruidegom waai vrolik in sy rigting en wys hy moet wag.

Na ‘n rukkie kom die bruidegom nader. “Ek is jammer. Ek het slegte nuus.” Hy trap rond en vermy die bruidegom se oë.

“Wat gaan aan?”

“Dis net. Die wyn. Dit is...wel jy weet. Die wyn is...”

“Meneer! Meneer!” Een van die meisies kom aangehardloop. Sy struikel en bots amper teen hom. “Die wyn! Ons het nog wyn gekry!” Sy is uitasem. Sy gryp hom sommer aan die arm en trek aan hom. “Kom kyk, meneer.”

Hy pluk sy arm kwaaierig weg. Die vermetelheid. As die bruidegom nie nou hier was nie, het hy haar goed gepiets. “Wat...waar....waarvan praat jy?” Hy kyk oorbluf na haar. “Nog wyn?”

“Kom kyk, meneer.” Sy draai om hardloop vinnig terug na die tente.

Hy en die bruidegom kyk verbaas na mekaar. “Is die meisie dan nou van haar kop af? Verskoon my net ‘n oomblik.” Hy draf-stap agter die meisie aan. Probeer sy waardigheid behou.

By die tente staan hulle almal saamgedrom. Hy stoot tussen hulle deur tot voor. Hy kyk rond maar sien net die ses groot water erdepotte. Sy moed sak in sy skoene. “Hou julle my vir die gek?” Hy kyk vererg na sy mense.

“Nee, meneer.” Die meisie wat hom kom haal het hou sy blink beker uit na hom. “Proe self, meneer.”

Hy kyk van haar na die beker. Hy wonder waar is sy sweep. As hulle hom vir die gek hou dan gaan die kamele dans. Hy gryp die beker en vat ‘n diep teug. Hy verstar vir ‘n oomblik. “Van waar, Gehasi?” prewel hy. Na nog ‘n diep teug wat hy versigtig in sy mond rond spoel sug hy diep.

Hy loop na die volgende erdepot en skep nog ‘n glas wyn uit die tweede pot. Dit proe dieselfde. “Die wyn is eenvoudig fantasties.” Hy ruik weer diep. “Maar ek kan dit nie plaas nie. Is dit Grieks?” Nog ‘n mondvol. “Nee, miskien Romeins?” Sy frons verdiep. “Nee, ook nie.”

Hy skommel dit rond. Ruik nadenkend daaraan. Nog ‘n sluk wat hy deeglik rondspoel in sy mond. “Dis soos nektar uit die hemel. Reguit van bo af.” Hy skud sy kop en kyk ingedagte na die wyn. Wat kan hy daarin sien? Hy kan sweer hy sien ‘n ...

“Is alles reg?” ‘n Stem onderbreek sy gedagtegang. Hy draai om na die bruidegom wat nou bekommerd agter hom staan. “Wat is die probleem met die wyn?” Die mannetjie staan bekommerd en frons.

Hy neem die bruidegom aan die elmboog en lei hom tussen die mense uit. As hulle alleen in die donker staan, kyk hy indringend na die bruidegom. “Daar is geen probleem nie. Alles is reg.”

Die bruidegom sug verlig. Klap hom op die skouer en lag.

Hy kyk ingedagte na die wynglas. “Dis net. Ek het mos mooi verduidelik. Mens gee eerste die beste wyn en eindig met die goedkoop wyn.” Hy frons en neem nog ‘n laaste sluk uit sy beker.

“Hierdie is die beste wyn wat ek nog geproe het. Ons moes dit heel eerste bedien het. Ek soek die wynhandelaar se naam by jou.”